1982	193 091	127 346	5 119	5 083	2 031	2 066	225			12	271	566
1983	196 323	130 619	5 112	5 264	1 816	2 161	246			12	278	530
1984	193 144	129 426	5 506	5 191	1 852	2 265	250			12	284	518
1985	194 197	130 981	5 124	5 028	1 900	2 239	251			12	286	522
1986	195 299	132 016	5 192	4 936	2 028	2 313	263			11	287	501
1987	196 335	132 831	5 310	4 843	1 491	2 531	259	1 459	94	11	293	513
1988	193 484	131 466	4 769	4 812	2 536	3 449	285	1 412	59	11	294	461
1989	193 890	131 697	4 693	4 363	2 417	3 229	280	1 427	67	11	297	470
1990	192 541	132 483	5 926	4 280	2 280	2 848	280	1 567	78	11	298	473
1991	193 561	133 091	4 898	4 143	1 990	2 499	294	1 612	59	11	303	453
1992	192 759	134 160	5 022	4 004	1 804	2 490	289	1 633	46	11	306	464
1993	189 131	131 793	4 786	3 666	2 925	3 225	285	1 599	48	11	306	464
1994	184 601	130 710	4 900	3 667	4 426	4 331	324	1 552	46	11	306	536
1995	181 732	129 477	4 784	1 002	4 830	4 852	353	1 596	108	16	309	515
1996	176 338	129 759	4 764	1 622	5 184	4 751	343	1 583	33	16	313	514
1997	173 384	125 141	3 645	2 743	4 626	4 084	373	1 579	60			465
1998	170 011	123 538	3 756	2 423	9 383	8 161	365	1 703	2	14	311	466
1999	163 680	122 723	3 881	1 377	4 945	4 608	369	1 748	39	14	308	444
2000	162 526	120 937	3 592	1 958	4 744	4 587	358	1 604	37	15	307	454
2001	156 722	118 012	3 701	2 040	8 314	6 270	347	1 544	45	21	294	452
2002	154 687	116 829	2 834	1 872	3 798	3 198	346	1 160	26	5	312	447
2003	148 596	113 228	3 294		7 808	6 481	340	1 537	35	3	310	437
2004	143 457	112 756	3 150	1 877	6 166	5 040	323	1 458	26	3	309	437
2005	142 089	109 810	2 781	1 696	9 966	7 969	314	1 417	45	3	309	453
2006	143 463	111 799	2 003	1 207	6 999	6 576	302	925	0	12	297	475
2007	140 196	110 149	1 849	1 221	4 975	3 304	284	941	0	12	297	494

Skooltermyne 2008

OOS-KAAP, NOORD-KAAP, KWAZULU-NATAL EN WES-KAAP

	EERSTE	TWEEDE	DERDE	VIERDE
OPEN	16 Januarie	14 April	14 Julie	6 Oktober
SLUIT	20 Maart	27 Junie	26 September	5 Desember

VRYSTAAT, GAUTENG, MPUMALANGA, NOORDWES EN LIMPOPO

	EERSTE	TWEEDE	DERDE	VIERDE
OPEN	9 Januarie	14 April	14 Julie	6 Oktober
SLUIT	20 Maart	20 Junie	26 September	5 Desember

Universiteitskalenders 2008

RHODES-UNIVERSITEIT
11 Februarie – 14 Maart
31 Maart – 20 Junie
21 Julie – 5 September
15 September – 12 Desember

UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD
18 Februarie – 20 Maart
31 Maart – 13 Junie
21 Julie – 29 Augustus
8 September – 12 Desember

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
4 Februarie – 20 Maart
31 Maart – 16 Mei
Eksamens 20 Mei – 27 Junie
21 Julie – 5 September
15 September – 24 Oktober
Eksamens 28 Oktober – 12 Desember

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
28 Januarie – 20 Maart
14 April – 20 Junie
14 Julie – 26 September
6 Oktober – 6 Desember

NOORDWES-UNIVERSITEIT
11 Februarie – 20 Maart
7 April – 30 Mei
14 Julie – 29 Augustus
1 September – 24 Oktober

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
30 Januarie – 18 Maart
31 Maart – 21 Mei
14 Julie – 29 Augustus
1 September – 28 Oktober

UNIVERSITEIT VAN JOHANNESBURG
4 Februarie – 20 Maart
7 April – 20 Junie
14 Julie – 29 Augustus
7 September – 5 Desember

NELSON MANDELA METROPOLITAN
10 Februarie – 21 Maart
30 Maart – 20 Junie
16 Julie – 21 September
1 Oktober – 30 November

Hospitaalbediening in Pretoriagebied

WERKWYSE

Die volgende werkwyse geld tans:

(a) Die ***gemeentes van die ringe van die Pretoriagebied*** neem verantwoordelikheid vir die bediening by hospitale soos aan hulle toegewys. Pasiënte vanuit gemeentes buite die ringe van Pretoria word ***slegs op versoek*** van die tuisgemeente besoek.

(b) Die tuisgemeentes van pasiënte moet dus die gemeente/predikant wat verantwoordelik is vir die bediening by 'n betrokke hospitaal ***in kennis stel*** van pasiënte wat daar gehospitaliseer is.

(c) ***Terugvoering*** aan die tuisgemeentes insake die pastorale versorging van pasiënte sal, soos wat dit prakties moontlik is, gegee word.

BEDIENINGSVERANTWOORDELIKHEID

HOSPITAAL	VERANTWOORDELIKE GEMEENTE/PREDIKANT		TELEFOON-NOMMER
Pretoria Akademies	Pierneef Noordelike Pretoria Wonderboom-Suid	Ds P de Kock Ds AG Strauss	(012) 333 6630 (012) 335 9208
Femina/Jakaranda, Oumashoop en (Ou Moedersbond) Ginekologie	Philadelphia	Ds MJ Slabbert Dr PJ van Staden	(012) 460 6158 082 861 8723 (012) 460 4115
Wilgers	Meyerspark	Dr JMG Storm	(012) 803 7528
Pretoria-Oos	Rietvallei	Ds H Herbst	(012) 480 2200
Faerie Glen, Denmar en Sungardens Hospice	Wapadrant	Ds JM Delport Ds TF Dreyer	(012) 991 2575 082 552 9394
Little Company of Mary, Zuid-Afrikaans en Kloof	Pretoria-Oos	Prof PA Geyser Dr HT van Deventer	(012) 361 0579 082 926 8371 (012) 361 2726
Urologie en Ooginstituut	Silverton Poort Derdepoort	Ds J van Immerzeel Dr JJ Steenkamp Ds PC Swanepoel	(012) 804 0797 (012) 808 1221 (012) 800 2402

HOSPITAAL	VERANTWOORDELIKE GEMEENTE/PREDIKANT		TELEFOON-NOMMER
Meulmed en Medforum	Pretoria	Dr C Pretorius	072 791 2864
Harthospitaal	Pretoria-Tuine	Dr MA Botma	(012) 460 7768
	Wesmoot	Dr SM de Beer	(012) 386 9582
Eugene Marais	Wonderboompoort	Ds W de V Sauer	(012) 335 0040
	Bergsig	Ds F Nortjé	(012) 379 9981
	Oos-Moot	Ds RTI Pienaar	(012) 332 0322
	Wonderboom	Ds PS Esterhuizen	(012) 567 6860
Bougainville	Noordwestelike Pta	Ds GS de Beer	(012) 386 9582
	Wesmoot	Dr SM de Beer	(012) 386 9582
Akasia en Garankuwa	Hartbeeshoek	Dr GCJ Nel	(012) 546 5623
		Ds JM Bevolo-Manders	(012) 565 4283
	Theresapark	Ds JS Naudé	(012) 542 1321
	Witfontein	Ds JT Manders	(012) 565 4283
	Pretoria-Noord	Ds K Koning	(012) 565 5079
Moot Hospitaal	Villieria	Ds AC Kuyper	(012) 331 2132
	Pierneef	Ds P de Kock	(012) 333 6630
Montana Kliniek	Wonderboom	Ds PS Esterhuizen	(012) 567 6860
	Montana	Ds DW van der Watt	(012) 543 1217
		Ds RJ Coertze	(012) 567 6952
		Ds JM van Staden (Thinus)	084 589 7035
	Grootvlei	Ds CG Liebenberg	(012) 545 0644
Pretoria-Wes en Kalafong	Elandspoort		(012) 386 6640
	Pretoria-Wes	Ds HJ Odendaal	(012) 343 7011
	Erasmia	Ds JJ Greyling	(012) 460 5875
Unitas, Vista en Weskoppies	Verwoerdburg	Ds PF Viljoen	(012) 664 0738
		Ds GJ van Staden	(012) 663 1921
1 Mil Hospitaal	Swartkop	Ds APJ Beukes	(012) 654 3198
		Ds JM van Staden (Marthinus)	(012) 654 3471
	Rooihuiskraal	Dr GC Lindeque	(012) 661 6334

Artikels

Ekumeniese verhoudinge is noodsaaklik

Die skrywer, dr GMJ van Wyk

Verskeie lidmate en ampsdraers van ons Kerk huldig die mening dat ekumeniese verhoudinge (met ander woorde verhoudinge met ander kerke) nie noodsaaklik is nie. Ons hoor gereeld argumente dat ons maar eerder ekumeniese betrekkinge moet laat vaar vanweë finansiële, politieke of pragmatiese oorwegings. Soms voer lidmate aan dat dit te duur is om ekumeniese betrekkinge in stand te hou, dat ons onsself nie aan onnodige en ongevraagde politieke druk van ekumeniese organisasies moet onderwerp nie, of dat ekumeniese betrekkinge vir ons nie genoeg voordele inhou nie en dat dit daarom nie die moeite werd is om dit te handhaaf nie. Die indruk word soms geskep dat ekumeniese arbeid 'n luukse toevoeging tot kerklike werk is, eerder as 'n noodsaaklike of noodwendige dimensie van die kerk se werk.

In hierdie artikel wil ek die vraag beredeneer of die handhawing van ekumeniese betrekkinge wel noodsaaklik of noodwendig vir die kerk is. Indien dit blyk dat die handhawing van ekumeniese betrekkinge nie noodsaaklik of noodwendig is nie, is dit inderdaad 'n kerklike luukse waarsonder ons sou kon klaarkom. Dan kan ons dit maar laat as ons sou wou. As dit egter blyk dat dit wel noodsaaklik of noodwendig vir die kerk is, behoort dit wesenlike aandag in ons Kerk te geniet.

Eenheid

Volgens ons Kerkorde vind ons Kerk die motivering vir haar deelname aan ekumeniese arbeid in die belydenis van die eenheid van die kerk. Die instellings wat in ons tyd as kerke bekendstaan, vorm egter nie 'n sigbare eenheid nie. Sedert die ontstaan van die Christelike kerk was dit al só dat die kerk nie 'n sigbare eenheid was nie. In die Nuwe Testament lees ons van verskeie gemeentes wat naas mekaar bestaan het, sonder dat die indruk geskep word dat 'n oorkoepelende strukturele eenheid uit die staanspoor tussen dié gemeentes bestaan het. Die verskeidenheid teologiese standpunte wat ons in die Nuwe Testament teëkom, bevestig hierdie beeld wat ons van die vroegste kerk vorm.

Toe die kerk met verloop van tyd toenemend standpunt teen opkomende dwaalleringe begin inneem het, is die kerklike teologie al meer in leerstellings verwoord. Toe kerklike leerverskille boonop op die voorgrond begin tree het, was dit vanselfsprekend dat onderskeie kerklike tradisies en uiteenlopende dogmatiese standpunte sou ontwikkel. Vandag kan ons as resultaat van hierdie ontwikkeling ongeveer vier groter kerklike tradisies onderskei, naamlik die Oosters-Ortodokse, die Rooms-Katolieke en die Protestantse tradisie, sowel as 'n onafhanklike groep kerke wat nie sterk met een van die ander drie tradisies wil assosieer nie. Binne elkeen van hierdie tradisies is daar ook nog 'n bonte verskeidenheid kerke of kerklike strominge onderskeibaar.

Die kerk was nog nooit en is vandag steeds nie 'n sigbare eenheid nie. Tog bely ons in ons kerklike belydenisse nie die kerk in haar verskeidenheid nie, maar wel in

haar eenheid, heiligheid en algemeenheid. Kerklike verskeidenheid word nie deur die kerk bely nie, maar kerklike eenheid wel. As die kerk dan haar eenheid bely wat tog nie 'n sigbare eenheid kan wees nie, watter eenheid bely die kerk wel? In watter opsig is die kerk een, sodat kerklike eenheid bely kan word? Of, is die kerk moontlik op hierdie punt in teenspraak met haar eie belydenis? Is 'n legitieme verskeidenheid binne die kerk, wat nie die eenheid van die kerk weerspreek nie, moontlik? Hierdie vrae is van wesenlike belang, want die oënskynlike gebrek aan eenheid binne die kerk van Christus is seker die saak wat die geloofwaardigheid van die kerk die meeste aantas by mense wat nie gelowiges is nie. Dit is ook 'n bron van kommer by baie lidmate van verskeie kerke. Die skeptiese vraag aan die kerk is eenvoudig: As daar net een waarheid is, waarom is daar dan soveel verskillende kerke?

Vanselfsprekend kom daar meer as blote strukturele of organisatoriese eenheid op die spel wanneer kerkeenheid onder die loep geneem word. Ware kerkeenheid kan tog niks anders wees as eenheid in geloof, hoop en liefde nie. Dit is eenheid in waarheid. Dit is ook eenheid in Christus, die Hoof en Heer van sy liggaam, die kerk. Kom ons beredeneer daarom die vraag na die noodsaaklikheid van ekumeniese arbeid vanuit die perspektief van die vraag na die eenheid van die kerk.

Bybelse begronding

Johannes 17: 21 (*Ek bid dat hulle almal* [*die mense wat U My uit die wêreld gegee het* en *dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom*] *een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het*) dien gewoonlik as die Bybelse vertrekpunt vir die begronding van die leerstuk oor die eenheid van die kerk. Hier kom dit duidelik aan die lig dat eenheid onder die gelowiges gegrond is in die eenheid tussen Christus en sy volgelinge en die eenheid tussen Vader en Seun. Hoewel hierdie deel nie as sodanig oor die eenheid tussen kerke handel nie, het dit tog duidelike implikasies vir die gesprek oor kerkeenheid. Ons kan ten minste die afleiding maak dat dit hier vir Johannes oor geloofseenheid gaan en gevolglik ook oor eenheid in die kerklike verkondiging, of anders gestel, dit gaan oor eenheid in waarheid.

Die gedagte van kerklike eenheid word moontlik nog duideliker uitgedruk in die dele van die Bybel wat die kerk as liggaam van Christus beskryf. Ons kan onder andere na Efesiërs 4: 4-6 verwys: *Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.* Net soos Christus self één en ondeelbaar is, so is ook sy liggaam een. Die kerk moet eensgesind wees en nie verdeeld nie. Paulus vermaan 'n gemeente: *Julle moet een wees in dieselfde gesindheid en met dieselfde oortuiging.* Hy motiveer hierdie sterk uitspraak met die vraag: *Is Christus dan in stukke verdeel?* (kyk 1 Korintiërs 1: 10-13). Ook hier gaan dit oor die eenheid van geloofsoortuigings, met ander woorde die eenheid in waarheid.

Belydenis

BJ Engelbrecht het vanuit 'n soortgelyke vertolking van die Skrif 'n eiesoortige standpunt gestel oor ekumeniese gesprekvoering. Sy standpunt het later die basis gevorm vir die ekumeniese strewes van ons eie Kerk. Hy het geskryf: *Daarom sal elke ernstige ekumeniese gesprek en strewe moet begin met die waarheidsvraag, en omdat die waarheid wat die kerke glo, in die geloofsbelydenis sy uitdrukking vind, daarom staan die konfessionele vraag in die ekumeniese gesprek voorop* (*Kerk en Ekumene*, in *Teologie in die Kerk*. HAUM: Pretoria 1978 p 212). Maar wat bely die Kerk in haar geloofsbelydenisse oor kerkeenheid en ekumeniese gerigtheid? Engelbrecht ant-

woord: *Die eenheid van die* ecclesia universalis *lê vir die reformatoriese belydenis en teologie dus in: (a) die eenheid van ware prediking en geloof, én (b) die eenheid van regte sakramentsbediening* (p 218). Het ons hiermee genoeg gesê oor kerkeenheid en ekumene? Is alle ekumeniese gesprekke by implikasie beperk tot gesprekke oor leerverskille, en kom 'n ekumeniese gesindheid alleen tot uitdrukking in die onderlinge erkenning van verskillende kerke se Doop en die toelating van mekaar se lidmate by die viering van die Nagmaal?

Dit is goed en wel dat kerke 'n gemeenskaplike geloofsbelydenis handhaaf om as simbool van kerkeenheid te dien, maar dit bly steeds 'n vraag in watter mate so 'n simbool van eenheid ook as stimulus dien tot vryer maar tegelyk intensiewer teologiese arbeid, asook beweegliker maar tegelyk wesenliker kerklike arbeid. 'n Gemeenskaplike geloofsbelydenis as simbool van kerklike eenheid onthef nie die kerk van die opdrag om die wesenlike eenheid in Christus op alle moontlike maniere gestalte te gee nie. Om een te wees, bly ook 'n opdrag van Christus aan sy kerk. Die huidige toestand van kerklike versplintering noop die kerk om steeds te bly hervorm in 'n ernstige poging om nader aan die waarheid te bly beweeg en so ook tot groter eenheid te kom. Aan die een kant behoort alle kerke saam te werk om die leerverskille wat kerklike skeuring in die hand werk op te klaar, en aan die ander kant behoort alle kerke 'n legitieme verskeidenheid binne die een kerk van Christus in liefde te akkommodeer, omdat dit die rykdom van die verskeidenheid van baie moontlike uitdrukkings van die geloof na vore bring.

Gevolgtrekking

Deelname aan die werk van ekumeniese liggame en ekumeniese gesprekke tussen kerke kan nooit 'n doel op sigself wees nie. Waar die waarheid van die evangelie egter op die tafel geplaas word, is ekumeniese gesprekvoering onontbeerlik en is dit 'n noodsaaklike en noodwendige deel van die opdrag aan die kerk. Omdat WARC meen ons Kerk het met ons kerklike praktyke die gemeenskaplike geloof wat ons bely weerspreek, en daarom die integriteit van ons gemeenskaplike belydenis wesenlik aangetas, is dit onontbeerlik om met dié liggaam ekumeniese gesprekke te voer ter wille van die waarheid van die evangelie. Hier gaan dit nie net oor die eenheid van die kerk nie, maar ook en veral oor die waarheid.

Die verhouding tussen die NHK en die MRCC

Die skrywer, dr J Beyers

Debat oor die verhouding tussen die NHK en die MRCC is al op vele terreine gevoer. Tans is daar drie benaderingswyses tot die verstaan van dié verhouding: 'n suiwer ekumeniese verhouding; 'n suiwer missionêre band op grond van 'n historiese proses; en 'n groeiende gewaarwording van kerkeenheid as evangeliese imperatief.

- **Ekumeniese verhouding**

Binne sommige kringe in die NHK is die gevoel dat die verhouding tussen die NHK en die MRCC suiwer ekumenies

behoort te wees. Met so 'n suiwer ekumeniese verhouding word bedoel dat daar as kerke binne Gereformeerde verband hoogstens formele bande as simboliese teken van deelwees van die een kerk van Christus op aarde, kan bestaan.

'n Formele losmaakproses tussen die NHK en die MRCC moet egter eers plaasvind. Albei kerke moet eers volledig outonoom op alle terreine van kerkwees funksioneer (byvoorbeeld administratief en diakonaal). Binne so 'n gedagtekring is die veronderstelling dat daar met twee volkskerke gewerk word. Albei kerke bedien verskillende kulture en volke en bestaan as 't ware parallel, en hoef daarom slegs formele bande aan te knoop. Ekumeniese bande gee juis uitdrukking aan die eenheid van die kerk op aarde. Hierdie ekumeniese verhouding loop nie noodwendig uit op strukturele eenheid nie. Die NHK staan in ekumeniese verhoudings met talle ander kerke sonder dat daar gesprek oor kerkeenheid met dié kerke gevoer word.

Hierdie vorm van eenheid noem Hoedemaker *reconciled diversity,* en bedoel daarmee een wêreldwye kerkverband wat uit 'n klomp verskillende kerkverbande bestaan wat as wêreldwye gemeenskappe, as spirituele modaliteite, bly voortbestaan. Dit beteken dat kerke op plaaslike vlak in een globale onderlinge selfstandigheid met mekaar saamwerk aan gesamentlike projekte, sonder dat hulle met mekaar organies in een kerkverband saamsmelt. Eenheid, geïmpliseer deur ekumenisiteit, berus dan nie op eendersheid nie.

• Missionêre verhouding

Sommige teoloë binne die NHK meen weer dat die verhouding tussen die NHK en die MRCC 'n suiwer missionêre verhouding is. Daar was nog altyd 'n band wat as 'n sendingverhouding beskryf kan word tussen die twee kerke. Die bestaan van die toe HKSA was baie lank die vergestalting van die sendingbeleid van die NHK, naamlik dié van verinheemsing van die evangelie in Afrika. As daar oor die MRCC gedink word, word daar in terme van sending gedink. Die verhouding kan nie op 'n ander wyse beskryf word nie.

Ten grondslag van hierdie siening lê 'n veronderstelde kerkeenheid. Dit is nie nodig om oor kerkeenheid te besin nie, aangesien albei kerke, die MRCC en die NHK, so nou aan mekaar verbonde is dat daar nie van iets anders as eenheid sprake kan wees nie. Die gevaar is egter dat albei kerke dan met mekaar geïdentifiseer word, iets waarvan die MRCC in die verlede weggedeins het omdat geloofwaardigheid in swart gemeenskappe beïnvloed kon word. Eenheid is dan sinoniem met eenwording.

• Kerkeenheid as evangeliese imperatief

'n Derde moontlike benadering vra dat kerkeenheid die bril word waardeur gekyk word. Dit veronderstel ekumeniese sowel as missionêre bande tussen die MRCC en die NHK.

Vanuit 'n ekumeniese perspektief erken die NHK die selfstandigheid en outonomiteit van ander kerke, ook van die MRCC. Die hunkering na selfstandigheid word onder andere sigbaar in die naamsverandering van die HKSA – nou die Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC). Die Moderamen van die MRCC tree selfstandig op en begelei die MRCC om bande met ander denominasies naas die NHK te vind en te bou. Die outonomiteit van albei kerke word wedersyds gerespekteer.

Missionêr gesien is daar tog 'n noue band tussen die NHK en die MRCC. Die MRCC praat van hulleself as 'n *dogterkerk* van die NHK. Dit verwoord die historiese missionêre ontstaansproses van die MRCC. Die missionêre verhouding tussen die twee kerke beteken egter nie meer dat die MRCC as sendingobjek beskou word nie, maar dat die MRCC as sendingvennoot van die NHK gesien word. Saam deel die

twee kerke in die opdrag om die evangelie te verkondig, nou nie meer net aan mekaar nie, maar saam aan Afrika en so aan die wêreld.

Kerkeenheid tussen die MRCC en die NHK kan nie op grond van 'n missionêre band *veronderstel* of by wyse van ekumeniese gronde *geïmpliseer* word nie. Eenheid is nie opsioneel nie, maar 'n evangeliese eis. Daar bestaan genoegsame aanduidings om te aanvaar dat die eenheid van die kerk van Christus 'n gegewene (indikatief) en tog ook 'n opdrag (imperatief) is (vgl onder andere Joh 10: 16; Joh 17: 20-26; Hand 2: 42; Hand 4: 32; Rom 12: 3-8; 1 Kor 1: 10-30; 1 Kor 12; Gal 3: 27; Ef 4: 1-6).

Eenheid is eksistensieel en lê nie in drome nie. Daarom is dit nodig dat die eenheid wat die verhouding tussen die MRCC en die NHK moet kenmerk, erken en verwoord moet word.

Erkenning van en toetrede tot eenheid vra 'n nuwe identiteit. Binne kerkeenheid is daar tegelykertyd 'n kontinuïteit en diskontinuïteit van identiteit. Die identiteit wat een kerk in 'n ander herken, maak dat die identiteit binne eenheid gekontinueer word. Elke kerk behou 'n eie identiteit, en tog word daar tot 'n ontdekking van 'n nuwe identiteit gekom, wat 'n diskontinuïteit kan beteken. Elke kerk behou ten spyte van die eenheid 'n eie unieke aard. Eenheid binne diversiteit word bereik. Die MRCC deel hierdie uitgangspunt dat eenheid nie noodwendig eendersheid beteken nie.

Kerkeenheid funksioneer binne 'n missionêre dimensie. Wanneer die kerk van Christus op aarde eenheid uitstraal, eenheid in terme van ruimte vir mekaar binne die koninkryk van God ten spyte van verskille, dan beleef die wêreld iets van die egtheid van die evangeliese boodskap van vergifnis vir die *hele* wêreld.

Antisipasies en suggesties

Oor die aard van die eenheidsverhouding tussen die MRCC en die NHK sal daar egter nog gedink moet word. Die verhouding kan op verskillende wyses kristalliseer:

• Partnership

Hierdie term is ontleen vanuit die ekumeniese teologie en beskryf die wyse waarop gemeentes internasionaal (selfs oor denominasiegrense heen) met mekaar identifiseer. Gemeentes neem verantwoordelikheid vir mekaar. Vennootskaplike gemeentes probeer by mekaar leer, terwyl die sterker gemeente die ander gemeente onder die vlerk neem en ondersteuning bied waar nodig.

Dit gebeur reeds op plaaslike vlak by talle NHK- en MRCC-gemeentes. Hierdie aspek van *gestruktureerde samewerking* moet ontgin en verder uitgebou word (dit is ook 'n behoefte wat die Moderamen van die MRCC identifiseer). Om die verhouding te laat slaag, is kommunikasie tussen die twee plaaslike gemeentes van die MRCC en die NHK van kardinale belang. Gemeentepredikante sal op plaaslike vlak leiding moet neem in hierdie verband.

Eenheid beteken in hierdie trajek nie noodwendig eenwording nie.

• Konvivenz

Met die term *konvivenz*, ontleen aan die Duitse teoloog Theo Sundermeier, word na die eksistensiële dimensie van gemeentewees verwys. Die verhouding tussen die NHK en die MRCC kan nie net in teoretiese begrippe uitgedruk word en met lippediens gehandhaaf word nie. Indien albei kerke ernstig is oor die eenheid waartoe albei verbind is, moet die verhouding gestalte vind in die alledaagse bestaan van gemeentes. *Konvivenz* bedoel juis dat gemeentes saamleef. Sundermeier sien hierdie saamleef op drie terreine: **Leer wedersyds:** Albei partye is gewillig om by die ander iets te leer; dalk oor kultuur of oor teologie. **Ondersteun mekaar materieel en geestelik:** Albei sien mekaar op gelyke voet en daarom kan albei mekaar onder-

steun in terme van dit wat die ander benodig. **Vier saam fees oor die blye boodskap van die evangelie:** Saam kan gemeentes feesvier oor die vreugde wat die evangelie bied. Hier is 'n terrein waar gemeentepredikante van die NHK en die MRCC juis hande kan vat en gesamentlike eredienste kan hou.

• 'n Huis met baie kamers

Die PKN (Protestantse Kerk in Nederland) se model van *'n huis met baie kamers* kan die verhouding tussen die MRCC en die NHK ten diens wees. Die PKN se kerkorde stel duidelik in Artikel II**:**

1. *De Protestantse Kerk in Nederland is de voortzetting van de Nederlandse Hervormde Kerk, de Gereformeerde Kerken in Nederland en de Evangelisch-Lutherse Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden.*
2. *De Protestantse Kerk in Nederland bestaat uit al de gemeenten, te weten de protestantse gemeenten, de hervormde gemeenten, de gereformeerde kerken en de evangelisch-lutherse gemeenten*

Volgens hierdie model word diversiteit erken, en tog is eenheid moontlik sonder dat eenwording nodig is.

Perspektief van buite

Vir die NHK mag daar al bepaalde gedagtes rondom eenheid met die MRCC wees. Die saak is egter nie so helder vanuit die perspektief van die MRCC nie.

• Geen eenvormige idee

Binne die MRCC bestaan daar geen eenvormige idee oor hoe kerkeenheid moet lyk nie. Daar is verskillende modelle wat bespreek word. Daar sal nog oor 'n toepaslike model besluit word.

• Gesprek binne die MRCC duur voort

Die Moderamen van die MRCC het 'n proses van konsultering met gemeentes en leraars begin. Almal moet 'n geleentheid gebied word om hulle mening te gee oor nouer skakeling met die NHK.

• In beginsel ondersteun die MRCC 'n eenheidsgedagte

Die Moderamen van die MRCC spreek hulle heelhartig uit ten gunste van nouer skakeling met die NHK. Die formaat of model waarvolgens hierdie samewerking gaan kristalliseer, is nog onduidelik. Een belangrike beginsel is die verskil tussen eenheid (*oneness*) en eendersheid (*sameness*). Dié word as beginsel voorgehou vir hoe die verhouding voortaan behoort te lyk.

Slot

Hoe die verhouding kristalliseer, hang af van die erns waarmee albei kerke die verhouding koester. Daar is geen riglyn, maatstaf of voorskrif (behalwe die evangeliese eis tot eenheid) vir die aard van die verhouding of tydtafel waarbinne die verhouding die eenheid moet weerkaats nie. Prosesmatig sal die NHK en die MRCC saam maniere moet vind om uitdrukking aan die verhouding te gee op wyses wat vir albei gemaklik en aanvaarbaar is.

Dit is duidelik dat hierdie maar die eerste tree is in 'n proses wat nog baie lank gaan duur. Die proses moet nie aangejaag word nie, maar toegelaat word om natuurlik te ontwikkel. Wysheid, geduld en kommunikasie sal deurslaggewend vir die uitkoms daarvan wees.

Die silhoeët van die verhouding van kerkeenheid tussen die MRCC en die NHK is duidelik sigbaar op die horison. Die weg daarheen is egter nog onduidelik.

Huldeblyke

Die Kerk dink met dankbaarheid terug aan die werk van die dienaars van die Woord wat ons gedurende 2007 ontval het.

Ds JPB Blignaut

20-02-1938 – 19-02-2007

Jacobus Phillipus Benjamin Blignaut is gebore op 20 Februarie 1938 te Brakpan aan die Oos-Rand. Hy voltooi sy skoolopleiding aan die Hoërskool Voortrekker op Boksburg. Wanneer hy sy studies in 1957 aan die Universiteit van Pretoria begin, is hy lidmaat van Gemeente Zuurfontein in Kempton Park. In sy herinnering sou laasgenoemde altyd sy tuiste wees.

Daar was by Ben nooit enige twyfel dat hy predikant sou word nie. Deur sy hele loopbaan is sy optrede gekenmerk deur die entoesiasme en ywer waarmee hy die evangelie gepreek en geleef het. Gedurende sy studiejare het hy byna daagliks van Kempton Park na Pretoria gereis om klasse by te woon, want hy het met kenmerkende pligsgetrouheid sy deel gedoen om die familiesaak op die stasie by Kempton Park in stand te hou.

Ben voltooi sy studies aan die einde van 1964 en ontvang gedurende November van dieselfde jaar 'n beroep na Gemeente Carletonville. Hy neem die beroep aan en word op 6 Februarie 1965 in die gemeente georden en bevestig. Gedurende dieselfde jaar trou hy met Annatjie Oelofse uit daardie geweste. Hulle sou as pastoriepaar 'n seën en 'n voorbeeld wees in al die gemeentes waar hulle gedien het. Uit hierdie mooi huwelik is drie kinders gebore: Annalize, Kobus en Janneman.

Gedurende sy loopbaan as predikant van die Hervormde Kerk bedien ds Blignaut die gemeentes Carletonville, Newcastle, Turffontein, Zwartruggens, Trichardtsfontein, Secunda en Marikana. Na 10 jaar in laasgenoemde gemeente besluit hy om aansoek te doen om emeritaat, en op 31 Oktober 1997 neem hy afskeid van die gemeente en vestig hy en Annatjie hulle in die distrik van Middelburg in Mpumalanga. Hy besluit om weer tot die bediening toe te tree, maar besef dat die moontlikheid skraal is om in daardie stadium as ouer predikant 'n beroep te ontvang. Daarom besluit hy in November 1999 om lidmaat te word van die Afrikaanse Protestantse Kerk. As predikant van die APK bedien hy eers die gemeente Suidkus en vanaf Desember 2001 tot met sy afsterwe die gemeente Vryburg/Molopo.

Na 'n kort maar ernstige siekbed is hy oorlede op 19 Februarie 2007, 'n dag voor sy 69ste verjaardag. Tydens sy begrafnis op 23 Februarie is hulde gebring aan 'n man wat sy lewe aan die diens van sy Heer en sy naaste gewy het; wat onbeskroomd standpunt ingeneem het en beginselvas sy koers deur die lewe gegaan het. Ons eer sy nagedagtenis.

Ds Leon Nell
Emeritus: Pretoria

Dr GC Velthuysen

27-11-1942 – 02-03-2007

Gerrit Cornelius Velthuysen was vir 21 jaar predikant van die Hervormde Kerk. In dié tyd het hy sy stempel afgedruk as 'n begaafde mens wat met sy veelsydigheid op vele terreine in die Kerk diensbaar was. Sy loopbaan in die Kerk het geëindig as medeprofessor in Dogmatiek en Christelike Etiek toe hy in 1988 die pos as hoofredakteur van Perskor se middagblad *Transvaler* aanvaar het.

Sy kinderjare het hy in Pretoria-Noord deurgebring, waar hy aan die Laerskool Danie Malan en die Hoërskool Pretoria-Noord sy skoolloopbaan gevolg het. Daarna het hy aan die Universiteit van Pretoria studeer, waar hy die volgende grade behaal het:

- 1963: BA (met lof) met hoofvakke Grieks, Hebreeus en Wysbegeerte
- 1964: BAHons (met lof) in Wysbegeerte
- 1966: BD (met lof)
- 1981: DD in Dogmatiek en Christelike Etiek

Uit sy akademiese prestasies is dit reeds duidelik dat hy intellektueel besonder skerp was. Hy het ook oor sterk leierseienskappe en bestuursvaardighede beskik. Dit het meegebring dat hy van vroeg af op sinodale vlak in die Kerk diensbaar was. Die kommissies en rade waarop hy gedien het, vorm 'n lang lys. Van die vernaamstes was:

- Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering as viseskriba
- Raad van Finansies
- Die Werkgroep Pastoraat en Presbiteraat as voorsitter
- Die Tussenkerklike Kommissie as voorsitter
- Beheerraad van Kital
- Raad vir Kerk en Owerheid

By al hierdie rade en kommissies het hy 'n leidende rol gespeel, deur sy insette tydens vergaderings sowel as memoranda waarvoor hy verantwoordelik was. Verskeie publikasies het uit sy pen verskyn, onder andere as eindredakteur en medewerker van *Kerk en wêreld 2000*, 'n publikasie waarin die Hervormde Kerk oor sy pad vorentoe besin het. Sy skerp intellek en insig het soms meegebring dat hy nie altyd deur almal verstaan is nie. Niemand wat met hom te doen gehad het, is egter deur hom onaangeraak gelaat nie. Hy was 'n denker by uitnemendheid. Sy uitgebreide algemene kennis sal 'n mens altyd bybly.

Hy het met goeie vrug as predikant in verskeie gemeentes gedien. Hy was agtereenvolgens in die gemeentes Witbank-Suid, Potchefstroom-Studente, Wonderboompoort, Duncanville en Swartkop werksaam. Hy was 'n besondere goeie prediker wat die vermoë gehad het om tegelykertyd eksegeties verantwoordelik, aktueel en boeiend sy woord te doen.

Dr Velthuysen het ook 'n lewendige belangstelling in die kunste gehad. Hy was welbelese en goed ingelig. Sy talente in dié verband is ook deur die owerheid raakgesien, en hulle het hom in die Publikasieraad benoem. Sy veelsydigheid kom veral in sy musiekbelangstelling na vore – hy was vir sowel klassieke as boeremusiek baie lief. Hy het 'n intensiewe studie van klassieke musiek gemaak en ook 'n groot versameling daarvan besit.

Hy was ook 'n goeie sportman, met 'n lae voorgee in gholf, Noord-Transvaalse kleure in atletiek as spiesgooier (in sy skooljare), en krieketspeler wat vir Tuks se eerste span gekies was maar nooit gespeel het nie, omdat hy nie op Sondae wou speel nie.

Saam met sy vrou Susan en kinders Gerrit, Johan en Machelle dank ons die Here vir 'n besonderse mens en bid ons julle die troos van die Here toe. Mag julle al die mooi dinge uit sy lewe onthou en koester.

Ds Dries Beukes
Swartkop

Ds PD Smit

09-09-1936 – 23-03-2007

Die berig oor die afsterwe van Paul Daniël Smit, of Priester, soos hy aan ons bekend was, het dié van ons wat hom goed geken het met deernis en weemoed gevul. Hy is op 23 Maart 2007 in die ouderdom van 70 oorlede en op 28 Maart uit Gemeente Vryburg begrawe.

Wanneer sy loopbaan in die Hervormde Kerk beskou word, vorm Priester se dienswerk in Zimbabwe, in die Umtali- en Bulawayo-kombinasies, 'n bepalende kern naas sy verblyf in die gemeentes Groot Marico en Upington. In die eerste gedeelte van sy verblyf in die Umtali-kombinasie het hy ook vier jaar lank in Nederland verder studeer ter voorbereiding van sy doktorale studie. Sy skripsie wat hy in dié tyd voltooi het, handel oor *Willem van Oranje en sy opstand teen Philips*.

Sy lang verblyf in Zimbabwe was ook tekenend van sy liefde vir die besondere omgewing. Dit was hier dat ek hom sedert 1980 goed leer ken het en ontdek het dat hy iemand was tot wie 'n mens 'n tree nader moes neem om hom te waardeer en agter te kom wie hy regtig was.

Priester se loopbaan is deurgaans gekenmerk deur 'n besondere liefde vir die teologie, en hy was daarmee sy lewe lank besig. Wanneer jy deur sy boeke geblaai het, was dit duidelik dat hy hom voortdurend daarmee besig gehou het. Sy proefskrif waarmee hy tot met sy dood besig was, het gehandel oor dr HCM Fourie; dit is jammer dat hy dit nie betyds kon voltooi nie.

Sy verblyf in die boslandskap het sy liefde vir die natuur vanselfsprekend gemaak. Hy was 'n entoesiastiese voëlkyker en kranige jagter, en hy was gelukkig wanneer hy die omgewing en wat dit gebied het kon geniet. Juis in die ruimte van die wye skepping het sy menswees tot jou gespreek en kon jy sy diepsinnigheid en sy kenmerkende humorsin waardeer. Naas sy waardering vir ligte musiek was dit klassieke musiek, veral opera en tenoorstemme, wat hom geboei het. Vinnige motors het hom ook gefassineer, soos onder andere blyk uit sketse van sy ontwerpe in sy boeke.

Maar die dwarswinde op eie werf het soms redelik sterk gewoed en sy menswees onder druk geplaas. In dieselfde landskap waarin hy soveel vreugde gevind het,

moes hy ook deel vorm van 'n bosoorlog wat hom aan spanning onderwerp het wat hy dikwels alleen moes trotseer. Hy was slagoffer van 'n terroriste-aanval en 'n landmynontploffing, asook 'n ernstige motorongeluk na afloop van die oorlog.

Die mens wat hy was, word waarderend in herinnering geroep as 'n besondere vriend en kollega wat op sy eiesoortige manier uiting gegee het aan die roeping wat in ons leef om God en ons naaste lief te hê.

Dr Barry van Wyk
Springs

Ds JM Labuschagne

26-09-1925 – 14-05-2007

Op 14 Mei 2007 is ds Koos Labuschagne in die kliniek van die Martha Hofmeyr-tehuis in Pietersburg oorlede. Hy laat sy vrou Pop, drie kinders, kleinkinders en agterkleinkinders na.

Jacobus Marthinus Labuschagne is gebore op 26 September 1925 te Standerton. Sy laerskoolopleiding ontvang hy aan die plaasskool De Kuilen en in 1944 matrikuleer hy aan die Hoërskool Standerton. In 1945 begin hy sy predikantstudie aan die Universiteit van Pretoria. In 1947 behaal hy 'n BA-graad met lof en in 1950 die BD-graad.

Ds Labuschagne is op 3 Maart 1951 deur prof SP Engelbrecht as predikant geordeen te Pietermaritzburg. In 1953 neem hy die beroep na Pietersburg aan en in 1958 vertrek hy na Louis Trichardt. In 1970 neem hy die beroep na die Messina/Van Warmelo-kombinasie aan. Dáár bly hy tot met sy emeritaat op 31 Augustus 1986.

As mens somme maak, blyk dit dat ds Labuschagne 33 jaar van sy ampstermyn in die Verre-Noorde bestee het. Tel die 21 jaar van sy emeritusjare by, en ons sien dat hy 54 van sy 83 lewensjare kerklik aktief in die ring van Zoutpansberg besig was!

Gedurende sy 33 jaar as voltydse predikant in die ring van Zoutpansberg het ds Labuschagne daarin geslaag om 'n onuitwisbare, kwalitatiewe beslag te gee aan die werk van die Hervormde Kerk in die Verre-Noorde. Ek was 'n opvolger van hom in twee gemeentes binne die ring. Op sy spoor kan mens agterkom hoeveel waardering en respek daar vir hom bestaan het as mens en as predikant. As mens het hy beïndruk met sy vriendelikheid, sy gepoleerdheid en sy immerse minsaamheid. As predikant is hy gekenmerk deur goed voorbereide prediking en verantwoordelike pastoraat, terwyl hy op gemeente- en ringsvlak sterk leierseienskappe getoon het.

Dit is onvermydelik dat daar rondom só 'n figuur legendes sou ontstaan. Oor 'n jaar of tien sal meeste daarvan in die vergetelheid verdwyn. Maar Goddank, sy lewe en werk in die Kerk sal ewigheidswaarde hê.

Ds Piet van der Merwe
Zoutpansberg

Ds JH Breytenbach
28-05-1942 – 26-06-2007

Om 'n tydgenoot, 'n klasmaat, 'n vriend wat jy 46 jaar lank baie goed geken het, aan die dood af te staan, ruk 'n mens tot stilstand – stem jou tot nadenke. Jy besef jy het die einde van 'n bepaalde era bereik; hy wat skielik weg is, is maar enkele treë voor jou. Die besef word groter as jy tel dat ses uit 12 van jou klasmaats reeds oorlede is. 'n Hele lewe flits voor 'n mens verby…

So onthou ek Johannes Hendricus (Jan) (Pog) Breytenbach: Hy het tot sy dood sy unieke, kenmerkende geaardheid geopenbaar. Hy het 'n sterk persoonlikheid gehad. Hy het sy goeie opvoeding nooit laat vaar nie. Hy was altyd vriendelik, sy glimlag eg. Ek ken niemand wat nie van hom gehou het nie. Hy het maklik gekommunikeer. Hy het nooit populariteit gesoek nie. Sy geroepenheid was eg. Hy het in die hart van die Kerk geleef. Hy was 'n reggeaarde predikant. Nooit het jy iets negatiefs van hom gehoor nie. Hy was 'n aanwins vir die Kerk.

In my laaste gesprek met hom, die aand voor sy emeritaatsaanvaarding, was ek getref deur sy opregte geloof en dankbaarheid vir soveel genade – dat hy sy volle dienstyd kon voltooi en dat hy nog graag wil werk en preek. Sy gebed is verhoor – hy het twee dae voor sy skielike dood nog gepreek.

Die herinnering aan Jan Breytenbach is aangenaam. Ons kan instem met die aanhaling uit 2 Timoteus 4: 7-8 in sy begrafnisbrief, as van toepassing op hom: *Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou. Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God.*

Ons wil almal wat baie nader aan hom geleef het, verseker: Ons bid vir julle.

Ds Theuns Snyman
Emeritus: Potchefstroom

Prof JAAA Stoop
30-09-1925 – 28-08-2007

Jan Adriaan Albertus Abraham Stoop is gebore op 30 September 1925. Hy was 'n seun van Gemeente Volksrust, waar sy vader geboer het op Driepoort, PK Sandspruit, in die distrik Volksrust. Dit is vandaar dat hy in die 1940's na Pretoria gekom het om teologie te studeer. Hy word 'n inwoner van Voortrekkerhuis, en behaal die grade BA en DTheol. Van 1949 tot 1952 studeer hy nagraads in Leiden, Nederland.

Jan Stoop is op 10 Oktober 1952 georden. Hy bedien Benoni vanaf 1952 en Brixton vanaf 1956. In 1966 is hy beroep na Suid-Rand en Newcastle, beroepe wat hy nie aanneem nie. In dieselfde jaar gaan hy tot 'n ander staat van lewe oor en word hy as predikant onthef. Dit hou verband met sy benoeming as pro-

fessor aan Unisa se Fakulteit Teologie. Hy verlaat die Hervormde Kerk, maar in 1973 word hy hertoegelaat. Op 3 Junie 1974 word hy as deeltydse predikant van Gemeente Oos-Moot opnuut georden. Hy bedien Oos-Moot van 1974 tot 1989, en aanvaar emeritaat in 1988.

Prof Stoop was professor en hoof van die Departement Kerkgeskiedenis en Sending- en Godsdienswetenskap in die Fakulteit Teologie aan Unisa. Hy was ook stigterslid en eerste voorsitter van die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suid-Afrika.

Addisioneel tot hierdie inligting wat deur die argivaris, Nándor Sarkady, voorsien is, is die onderstaande huldeblyk deur prof Stoop se groot vriend, prof Theo Koekemoer, geskryf.

Dit is met weemoed dat ek terugdink aan my vriend, prof Jan Stoop. Daar is 'n Latynse spreuk, Amicitia vitam ornat. *Dit beteken* vriendskap versier die lewe. *Hierdie vriend het in Leiden met lof gepromoveer. Ek het in Utrecht studeer – ons het mekaar dus ook tydens ons nagraadse studie in Nederland geken. Hier in Pretoria was ons bure, ongeveer twee kilometer van mekaar.*

Nooit sal ek vergeet nie dat ek hom 'n paar minute na sy afsterwe gesien het terwyl sy wenende vrou, Hettie, geskok daar gestaan het.

SINODALE POSTE & PERSONEEL

(VANWEË AKV & ADV)

Dr Fanie Pretorius
Sekretaris:
Algemene Kommissie

Dr Wilhelm Coetzer
Sekretaris:
ADV

Dr Wim Dreyer
Sekretaris:
Apostolaat

Dr Wian Kloppers
Sekretaris:
SENTIK

Mev Karen Breedt
Persoonlike Assistent:
Sekretaris Algemene
Kommissie

Mev Marié van Niekerk
Sekretaresse: ADV
en Kinderhuise

Mev Clarika Hattingh
Sekretaresse:
Apostolaat

Mev Cecile Naudé
Administrasie:
SENTIK & Biblioteek

Dr Elsabé Kloppers
Hoof: Konservatorium
en Direkteur: IKSA

Dr Jan Oberholzer
Bestuurder:
Kinderhuise

Mev Mariaan Steenkamp
Uitvoerende Direkteur:
Ondersteuningsraad

Mev Ansie Cromhout
Sekretaresse:
Ondersteuningsraad

Mej Karin du Toit
Transoranje Instituut
(TOIBO)

Mnr David de Villiers
Rekenmeester:
Ondersteuningsraad

KERKKANTOORPERSONEEL

ADMINISTRASIE & FINANSIES (BI127)

Mnr Kobus Viljoen
Administrateur

Mnr Elmar Struwig
Hoofrekenmeester

Mev Thea Wessels
Rekenmeester

Mev Annerien Lewis
Assistent-
rekenmeester

Mej Rona Barnard
Persoonlike Assistent:
Administrateur

Mev Nicolien van Heerden
Rekeningkundige
Beampte: Debiteure

Mev Alida Bezuidenhout
Rekening-
kundige Beampte:
Krediteure en Beleggings

Mev Sarie Roux
Rekeningkundige
Beampte: Kassier

Mev Adrie Janse van Rensburg
Rekeningkundige
Beampte:
Data-invoere

Mnr Christo Joubert
Hoof: IT

MANNEKRAG

Mnr Piet Beukes
Bestuurder:
Mannekrag

Mev Elsie Brits
Sekretaresse:
Bestuurder
Mannekrag

Mev Marietjie Smith
Salarisadministrasie

Mnr Jannie van Niekerk
Ontvangs en
skakelbord

Mev Elsie Boonstra
Mediesefonds-
administrasie

Mnr Leon Botha
Gebouebestuurder

OUDIT

Mnr Johan Hattingh
Hoof: Interne Oudit

Mev Deonie la Grange
Ouditbestuurder

Mev Marieta Bodenstein
Ouditklerk

Mev Elize Jones
Ouditklerk

Mev Wilna Davis
Ouditklerk

Mev Rina Oosthuizen
Ouditklerk

Mev Hester Pretorius
Ouditklerk

Mev Annetjie Swart
Ouditklerk

Mev Helena Prinsloo
Ouditklerk

Mev Ria Eksteen
Ouditklerk

Mej Annelie Coetzee
Ouditklerk

Mej Theandri Wessels
Student

SENTIK (BI 131)

Dr Wian Kloppers
Bestuurshoof:
SENTIK

Mev Cecile Naudé
Administrasie:
SENTIK & Biblioteek

Mev Tessa Oppermann
Produksiebestuurder:
SENTIK

Mev Susann van Zyl
Boekwinkel: SENTIK

Mej Izelle Marx
Grafiese Ontwerp
& DTP: SENTIK

Mev Jeanette J van Rensburg
Grafies: SENTIK

Mnr Riek van Rensburg
Argivaris

Mnr Nándor Sarkady
Argivaris

IKSA & KONSERVATORIUM (BI 127)

Dr Elsabé Kloppers
Hoof: Konservatorium
en Direkteur: IKSA

Mev Margaret van der Vegt
Orreldosent

Mnr René Mathlener
Orreldosent